

# **BOEDELBEPLANNINGS VERSLAG**

**Mnr.**

**Vorberei op: 18 September 2009**

**Namens: Miempie Langdon**

## INHOUDSOPGAWE

1. Instruksies
2. Persoonlike besonderhede
3. Oogmerke van boedelbeplanning
4. Kapitaalwinsbelasting-analise
5. Huidige boedelbelasting
6. Boedelbelasting – Voorgestelde bemakings
7. Gebruik die R3.5m korting
8. Gebruik van beperkte regte
9. Likiditeitsposisie
10. Onderhoudsbevele itv. hofbevele
11. Onderhoud van die langsewende gade
12. Voorsiening vir afhanklikes
13. Wat is 'n trust?
14. Wanneer om van 'n trust gebruik te maak
15. Die trust as boedelbeplanningsinstrument
16. Die beleggingstrust
17. Belastingimplikasies van trusts
18. Kommentaar t.o.v. bestaande trusts
19. Hersiening van die kliënt se huidige testament
20. Verwing van bates – Voorgestelde bemakings
21. Aanbevelings
22. Vrywaring

## 1. INSTRUKSIES

Hierdie verslag is gebaseer op instruksies ontvang van die makelaar, Mev M Langdon. Die makelaar se instruksies is:

- Berekening van boedelbelasting betaalbaar;
- Berekening van likiditeit in die boedel;
- Berekening van inkomste beskikbaar om afhanklikes te versorg op afsterwe van kliënt;
- Kommentaar rondom die huidige testament;
- Kommentaar rondom die huidige trustakte;
- Voorstelle vir boedelbeplanning.

Die berekeninge en voorstelle is gebaseer op die volgende inligting:

- Persoonlike konsultasie met die makelaar en kliënt op 2009;
- Bates en laste soos verskaf deur die kliënt;
- Finansiële state van die kliënt soos op 29 Februarie 2008;
- Testament (afskrif ongedateer) ;
- Trustakte van .....Familie Trust;
- Skedule van versekeringsportefeulje verskaf deur makelaar.
- Inligting soos deur die kliënt verskaf vervat in die inligtingsdokument.

**Neem kennis dat die berekeninge hierin vervat gebaseer word op die aanname dat die langsliewende gade direk na die eerssterwende gade te sterwe kom, sonder om enige groei of verlies in die langsliewende gade se boedel in ag te neem.**

## 2. PERSOONLIKE BESONDERHEDE

Die kliënt, Mnr ..... is .....jaar oud en getroud buite gemeenskap van goed. Die kliënt het 2 meerderjarige kinders. Die kliënt se familie benodig inkomste van R 30 000 per maand vir onderhoud in geval van die kliënt se afsterwe.

**Aanhangsel A** tot hierdie verslag verskaf 'n opsomming van die kliënt se huidige bates, laste en polisse. **Aanhangsel B** verskaf 'n opsomming van die gade se huidige bates, laste en polisse. Geen bates en laste is verskaf vir die gade nie.

### **3. OOGMERKE VAN BOEDELBEPLANNING**

Die volgende moet in ag geneem word tydens beplanning van 'n kliënt se boedel:

- Aanpasbaarheid van kliënt se boedelbeplanning ten einde tred te hou met veranderings in persoonlike sowel as wetlike omstandighede.
- Beskerming van die kliënt se besigheidsbelange, veral met verwysing na die voortbestaan van die kliënt se besigheid in die geval van dood of ongeskiktheid, voorsiening vir en die beskerming van die kliënt se aftrekapitaal en die aanspreeklikheid vir leningsrekening en soortgelyke reëlings.
- Voorsiening vir die administrasie van die kliënt se boedel na afsterwe.
- Beskerming teen die insolvensie van die kliënt of die kliënt se begunstigdes.
- Die voorsiening van kapitaal om 'n kontanttekort in die boedel te voorkom sowel as voorsiening vir die onderhoud van afhanklikes.
- Die minimalisering van belastings betaalbaar by afsterwe.

Die sukses van die boedelbeplanning is afhanklik van die akkuraatheid van inligting verskaf, veral ten opsigte van die waarde en eienaarskap van bates, kontraktuele verpligtinge, laste en die duidelike kommunikasie van die wense van die testateur. Die boedelbeplanning behoort jaarliks hersien te word ten einde enige veranderinge in die kliënt se persoonlike en finansiële omstandighede sowel as wetlike bepalings, in ag te neem.

### **4. KAPITAALWINSBELASTING-ANALISE (KWB)**

Die kliënt se dood gee onder sekere omstandighede aanleiding tot 'n "geagte vervreemding" deur die oorledene aan sy boedel, teen markwaarde. Die basiskoste van die bate word afgetrek van die markwaarde op datum van dood. Die basiskoste kan bestaan uit die waarde van die eiendom soos op 1 Oktober 2001 plus enige verbeteringe aangebring na hierdie datum.

In die jaar wat die kliënt te sterwe kom word die jaarlikse vrystelling vir KWB verhoog na R120 000. Die insluitingskoers vir die vervreemding van bates deur die oorledene aan sy bestorwe boedel is 25% van belasbare kapitale wins, wat teen die oorledene se marginale koers belas sal word. Onder normale omstandighede sal kapitaalwinsbelasting deur die boedel betaal word as 'n las.

Sekere uitsluitings word egter toegelaat:

- Die eerste R1.5m wins op die kliënt se primêre woning. Indien die primêre woning egter op R 2m en laer gewaardeer word, is daar geen KWB betaalbaar nie.

- Tot en met R750 000 wins vir 'n "klein" besigheid van minder as R5m wat besit is vir ten minste 5 jaar voor afsterwe.
- Alle persoonlike gebruiksartikels soos huishoudelike effekte, meubels, voertuie en juweliersware.
- Alle langtermynversekeringspolisse waarvan die kliënt die oorspronklike eienaar is. Neem kennis dat sekere tweedehandse polisse onderworpe mag wees aan KWB.

Die wins op enige bates wat aan die gade vererf in terme van die oorledene se testament of in terme van intestate vererwing, is onderworpe aan 'n uitstel. Die betaling van belasting word uitgestel tot en met die tydstop waarop die oorlewende gade enige van die bates vervreem gedurende sy/haar leeftyd of dan op sy/haar afsterwe.

**Die skrywer het nie oor voldoende inligting beskik om die KWB berekening te voltooi nie. Dit is egter uiters belangrik dat die impak van die moontlike KWB aanspreeklikheid van die boedel bepaal word.**

'n Paar belangrike oorweginge rondom KWB is die volgende:

- Verkry die nodige waardasies, waar van toepassing, ten opsigte van bates wat moontlik belasbaar kan wees vir KWB.
- Hou rekords van waardasies soos op 1 Oktober 2001, die kosprys van bates en datum van aankoop, die verkoopprijs en datum van verkoping, kostes soos enige verkoopsbelasting, seëlregte en makelaarkommissies, kommissie betaal aan verkoopsagent of afslaer, prokureurskoste, advertensiekoste, hereregte, kostes verbonde aan aktevervaardiging en werklike kostes aangegaan vir verbeteringe.
- Ten opsigte van kapitale bates geërf, hou afskrifte van die testament van die oorledene, die likwidasië- en distribusierekening, details van die oorspronklike kosprys en datum van aankoop, kostes verbonde aan verbeteringe oor die jare en oordragskoste.

## **5. HUIDIGE BOEDELBELASTING**

In terme van die kliënt se huidige testament vererf sy bates as volg:

- Spesifieke bemakings aan ....., .....en .....
- Vruggebruik ten gunste van sy gade oor die onroerende eiendom en die restant van die boedel.

Boedelbelasting betaalbaar in die kliënt se boedel sal ongeveer **R 949 667** beloop. Indien die gade egter direk daarna te sterwe sou kom, sal die boedelbelasting **R 969 729** beloop.

In terme van die boedelbelastingwet is sekere persone (derdes) pro rata aanspreeklik vir boedelbelasting indien eiendom of geagte eiendom hul toeval. Derdes sal aanspreeklik wees vir boedelbelasting van R 230 269 en die boedel sal aanspreeklik wees vir R 719 398 se boedelbelasting

## **6. BOEDELBELASTING VOORGESTELDE BEMAKINGS**

Gesiene die kliënt se wense en intensies is daar huidiglik geen voorstelle rakende spesifieke bemakings nie.

## **7. GEBRUIK DIE R3.5m KORTING**

By bepaling van die belasbare bedrag van 'n boedel, word 'n korting van R3.5m as 'n aftrekking teen die netto waarde van die boedel toegelaat. Ten einde effektief gebruik te maak van hierdie korting behoort die kliënt bates ter waarde van R3.5m of dan polisse met 'n opbrengs van R3.5m aan 'n derde persoon of entiteit te bemaak, soos byvoorbeeld 'n diskresionêre trust. Die gade is dan 'n begunstigde van die trust, saam met ander begunstigdes (hetsy vir kapitaal of inkomste) soos byvoorbeeld die kliënt se kinders of kleinkinders. Die restant van die boedel kan dan direk aan die gade bemaak word en sodoende maak die kliënt van beide die korting en die aftrekking gebruik. Boonop verhoog die boedel van die oorlewende gade nie met 'n verdere R3.5m nie.

## **8. GEBRUIK VAN BEPERKTE REGTE**

### **8.1 Om boedelbelasting te verminder**

'n Testamentêre vruggebruik word geskep wanneer 'n testateur sekere bates aan 'n persoon bemaak met die voorbehoud dat 'n ander persoon die reg het om die bate te gebruik en te geniet totdat 'n spesifieke gebeurtenis plaasvind, soos byvoorbeeld dood of die verstryking van 'n spesifieke periode.

By plaasvind van die spesifieke gebeurtenis of verstryking van die spesifieke periode, word die blote eienaar geregtig op volle eienaarskap en die houer van die vruggebruik verloor enige regte ten opsigte van die eiendom. Indien die blote eienaar te sterwe kom voor verstryking van die vruggebruik, sal sy/haar gevestigde regte deel vorm van sy/haar boedel en oorgedra word na erfgename.

Die waarde van 'n vruggebruik word bereken deur die jaarlikse waarde van die reg te kapitaliseer oor die lewensverwagting van die vruggebruiker/ster of oor die spesifieke periode. Die jaarlikse waarde is 12% van die markwaarde van die bate (alhoewel die SAID 'n laer koers mag gebruik indien hulle glo die opbrengs minder as 12% mag wees).

Indien 'n vruggebruik bemaak word aan 'n gade, sal die waarde van die vruggebruik toegelaat word as 'n aftrekking in die boedel van die oorledene vir doeleindes van

boedelbelasting. By afsterwe van die langsewende gade sal die vruggebruik deel vorm van sy/haar boedel vir doeleindes van boedelbelasting.

'n Voorstel sal wees om.....

Gebaseer op hierdie voorstel, illustreer die berekening in **Aanhangsel G** dat die aanspreeklikheid vir boedelbelasting in die boedel van die gade verlaag het na R.....

Die houer van die blote eiendomsreg sal aanspreeklik wees vir die boedelbelasting veroorsaak deur die insluiting van 'n vruggebruik in die houer van die vruggebruik se boedel. Die blote eienaar se aanspreeklikheid behoort verseker te word deur middel van 'n lewenspolis gehou deur die blote eienaar op die lewe van die houer van die vruggebruik.

Daar mag verder ook negatiewe KWB-implikasies wees wanneer die vruggebruik tot 'n einde kom en bates vestig in begunstigdes van 'n trust of as die blooteienaar die bate na afloop van die vruggebruik termyn, verkoop.

## **8.2 Om 'n inkomste te voorsien aan 'n gade**

'n Vruggebruik word gewoonlik gebruik om 'n inkomste aan die langsewende gade te voorsien. Boere of besigheidsmanne maak gereeld gebruik van vruggebruike om langsewende gades te onderhou by hulle afsterwe. Die gevare hiervan is die volgende:

- Die bron van die "weduwee-pensioen" is riskant aangesien dit staatmaak op die wisselende inkomste ontvang vanuit die boerdery of besigheid. Die langsewende gade se inkomste mag daarom verminder in moeilike tye.
- Die houer van die blote eiendomsreg is gewoonlik die seun wat sy eie afhanklikes het en dus die druk kan verhoog op die bestaande inkomste-bron.
- Die langsewende gade het gewoonlik nie die nodige kennis om bydraes te maak tot die bestuur van die boerdery of besigheid nie.

Met inagneming van hierdie redes mag dit moontlik beter wees vir die kliënt om gebruik te maak van lewensversekering om kapitaal beskikbaar te stel aan die langsewende gade vir doeleindes van 'n inkomste.

## **9. LIKIDITEITSPOSISIE**

**Aanhangsel D (HUIDIGE TESTAMENT)** is 'n aanduiding van die kontant beskikbaar in die boedel na betaling van al die laste, belastinge en kontantbemaakings.

Die kliënt het 'n kontanttekort van **R 5 838 374**

Die tekort in kontant kan uit die volgende bronne aangevul word:

- Die eksekuteur kan geforseer word om die erfgename te versoek om kontant in die boedel in te betaal ten einde te verhoed dat bates verkoop word.
- Indien bates egter verkoop moet word, kan dit daartoe aanleiding gee dat die kliënt se wense met betrekking tot die verdeling van bates nie aan gehoor gegee kan word nie. Dit kan selfs daartoe aanleiding gee dat 'n familie-besigheid se voortbestaan bedreig word. 'n Geforseerde verkoping kan verder aanleiding gee tot 'n verkoopprys laer as die markwaarde en kostes verbonde aan die verkoping.
- Fondse kan ook geleen word. Afhangende van die heersende rentekoers kan dit 'n baie duur oefening wees. Indien bates in die boedel verder as sekuriteit moet dien, kan dit die gebruik van sodanige bates beperk.

Lewensversekering bly gevolglik steeds een van die beste maniere om enige kontanttekort in 'n boedel aan te spreek. Kontant is dadelik op afsterwe van die kliënt beskikbaar en die opbrengs is nie belasbaar vir doeleindes van inkomste- of kapitaalwinsbelasting nie (tensy dit 'n tweedehandse polis is).

Indien 'n polis aangegaan word om voorsiening te maak vir 'n tekort, moet dit in gedagte gehou word dat sodanige polis 'n geagte bate vorm in die boedel, vir doeleindes van boedelbelasting. Dus moet die opbrengs van die polis verhoog word om voorsiening te maak vir boedelbelasting en ook die verhoging in eksekuteursgelde, indien die polisopbrengs aan die boedel uitbetaal.

Waar die kliënt borg of enige soortgelyke verbinding aangegaan het namens enige besigheid, word voorgestel dat hierdie aanspreeklikheid ook aangespreek word deur middel van 'n polis en 'n gebeurlikheidsaanspreeklikheids-ooreenkoms.

#### **10. ONDERHOUDSEISE ITV. HOFBEVELE**

Indien die kliënt te sterwe kom terwyl daar 'n aanspreeklikheid vir onderhoud is teenoor kinders of 'n vorige gade, soos vervat in 'n hofbevel, sal daar 'n onderhoudseis wees teen die bestorwe boedel. Indien daar onvoldoende kontant in die boedel is om hierdie eis te betaal, kan die eksekuteur geforseer word om bates te verkoop ten einde die eis te betaal. Die kliënt kan eerder verseker dat die bedrag benodig vir die onderhoudseis beskikbaar is deur middel van 'n lewenspolis, betaalbaar aan 'n testamentêre trust geskep in sy testament tot hulle voordeel.

#### **11. ONDERHOUD VAN DIE LANGSLEWENDE GADE**

Indien die kliënt by sy dood nie voorsiening maak vir onderhoud vir die langsliewende gade nie, kan sy 'n eis teen die boedel instel in terme van die Wet op Onderhoud van die Langsliewende Gade. Die doel van hierdie wet is om die langsliewende in dieselfde posisie te plaas as wat sy was voordat haar gade te sterwe gekom het. Hierdie eis het dieselfde hiërargie as 'n eis deur 'n afhanklike vir onderhoud. Die hof sal onder andere die volgende faktore in ag neem wanneer die eis oorweeg word:

- die duur van die huwelik,
- die gade se ouderdom en kapasiteit om inkomste te verdien,
- grootte van die kliënt se verdeelbare boedel
- en die lewensstandaard voor die kliënt se afsterwe.

Die kliënt kan voorsiening maak vir onderhoud by wyse van 'n lewenspolis waarop die gade 'n begunstigde gemaak word van sodanige polis of 'n bepaling in die kliënt se testament dat die opbrengs van sodanige polisse aan 'n trust moet betaal vir doeleindes van onderhoud van die langsewende gade. 'n Trust kan ook as begunstigde op die polis benoem word.

## **12. VOORSIENING VIR AFHANKLIKES**

Dit is verder belangrik dat die kliënt voorsiening maak vir die tekort in die huishoudelike inkomste na sy afsterwe. Daar word aangeneem dat 'n bedrag van R 30 000 per maand benodig word vir hulle onderhoud.

**Aanhangsel G ((HUIDIGE TESTAMENT))** is 'n aanduiding van die kapitaal beskikbaar vir die gade i.t.v. die huidige testament na afsterwe van die kliënt.

Addisionele kapitaal van ten minste R 4 569 359 word benodig ten einde die inkomstebehoefte aan te spreek.

Die berekening is gebaseer op 'n groeikoers van 10%, 'n termyn van 18 jaar, eskalاسie/inflasiekoers 8% en kapitaal word verbruik.

Lewensversekering moet weer eens oorweeg word om sodanige kapitaal te voorsien.

## **13. WAT IS 'n TRUST?**

Die werklike verskil tussen 'n *inter vivos* trust en 'n testamentêre trust is daarin geleë dat eersgenoemde gedurende die leeftyd van 'n kliënt opgerig word deur middel van 'n kontrak wat bekend staan as 'n trustakte, terwyl laasgenoemde in die kliënt se testament geskep word en eers op afsterwe van die kliënt in werking tree.

Die partye betrokke by 'n trust is die volgende:

- Oprigter - die persoon wat die trust oprig in samewerking met die trustees. Enige persoon met kontraktuele bevoegdheid kan 'n trust oprig. Die kliënt is normaalweg die oprigter van die trust.
- Trustees - word by wyse van die trustakte en die magtigingsbrief gemagtig om die trust te administreer. Dit is verkieslik dat daar twee of meer trustees aangestel word. Die kliënt, sy gade en 'n derde party wie nie 'n familielid is nie, is gewoonlik die trustees. Indien slegs een trustee aangestel word kan die SAID by afsterwe van sodanige trustee tot die slotsom kom dat die trust se bates deel vorm van die trustee se bestorwe boedel op grond van die feit dat die trustee beheer oor sodanige bates gehad het(Art 3(3)(d))

- Inkomstebegunstigdes - hulle word in terme van die trustakte aangestel as die persone wat enige inkomste wat deur die trust gegenereer word, te kan ontvang. In 'n diskresionêre trust ontvang sodanige begunstigdes enige inkomste in terme van die diskresie van die trustees. Die begunstigdes is dus slegs geregtig op inkomste as die trustees dit aan hulle toeken. Alternatiewelik, is die trustees in terme van die trustakte verplig om enige inkomste aan die begunstigdes oor te betaal. Hierdie staan bekend as 'n nie-diskresionêre trust. Die kliënt, sy gade en kinders is gewoonlik die inkomstebegunstigdes.
- Kapitaalbegunstigdes - Hierdie is die persone wat op die datum soos bepaal in die trustakte geregtig is om kapitaal van die trust te ontvang. Die kinders van die oprigter is gewoonlik die kapitaalbegunstigdes.

#### **14. WANNEER OM VAN 'N TRUST GEBRUIK TE MAAK**

Daar is verskeie redes waarom die oprigting van 'n trust voordelig of noodsaaklik mag wees.

##### **14.1 Beskerming van kliënt se boedel teen insolvensie**

Onderworpe aan die normale reëls van insolvensiereg in terme van vernietigbare transaksies en die feit dat die kliënt nie trustbates gebruik het as sekuriteit vir enige skuld nie, sal die kliënt se bates beskerm wees teen enige insolvensie. Let egter op dat die kliënt se leningsrekening ten opsigte van die trust op beslag gelê mag word deur krediteure.

##### **14.2 Beskerming van kliënt se boedel in geval van egskeiding**

Bates verkoop aan 'n trust vorm nie deel van 'n kliënt se boedel in geval van egskeiding nie. Die leningsrekening is egter 'n bate en vorm deel van sy boedel. Die kliënt sal behoorlike rekords moet hou rondom die oordrag van die bates na die trust. Dit is verder belangrik dat die trustakte korrek opgestel en bewoord is.

##### **14.3 Vaspenning van groei in die kliënt se boedel**

Die oordrag van bates met potensiële groei by wyse van 'n leningsrekening sal tot gevolg hê dat die waarde van die kliënt se boedel soos op oordrag vasgepen word. Effektiewelik sal dit tot gevolg hê dat enige groei in die kliënt se boedel beperk word en dat boedelbelasting vasgepen word.

##### **14.4 Bemaking van bates aan 'n trust**

Indien die kliënt in die posisie is om in die toekoms 'n substansiële erflating te ontvang, kan die bemaking eerder direk aan die kliënt se trust gemaak word. Sodoende word die bates uit die kliënt se boedel gehou vir doeleindes van boedelbelasting. Die kliënt en sy gade kan by hulle dood bates ter waarde van R3.5m aan die trust bemaak deur gebruik te maak van die korting.

## 14.5 Besparing in eksekuteursgelde

Bates in 'n trust kan ook 'n besparing van eksekuteursgelde meebring aangesien sodanige fooi nie op trustbates betaalbaar is nie.

Hierdie tabel bevestig die voordele aan 'n behoorlik opgestelde en geadministreerde trust as deel van 'n langtermyn boedelbeplanning

MNR KLIËNT SE LEWE	VOORDEEL
1. Mnr Kliënt ontvang plase in vennootskap met sy pa. Hy stig 'n trust en skenk jaarliks R100 000 aan die trust. Die trust belê die geld in 'n beleggingsproduk.	Mnr Kliënt maak gebruik van die jaarlikse R100 000 belastingvrye skenking om sodoende die bates in sy boedel te verminder.
2. Vyf jaar later maak die trust 'n rentevrye lening uit die belegging en koop nog 'n plaas. Mnr Kliënt gaan voort met sy jaarlikse skenking.	Die nuwe plaas sowel as toekomstige skenkings word uitgesluit van skenkingsbelasting. Die rentevrye lening kan op enige stadium terug betaal word. Mnr Kliënt betaal huur aan die trust vir die plaas. Die trust betaal die uitstaande lening terug in die polis.
3. Drie jaar later trou Mnr Kliënt met Mev Kliënt, binne gemeenskap van goed. 'n Jaar later word Kliënt Junior gebore.	Die plaas en beleggings word uitgesluit van die gemeenskaplike boedel.
4. Twee jaar later, na 'n erge droogte word Mnr Kliënt en sy pa se vennootskap gesekwestreer.	Die plaas en beleggingspolis is beskerm teen insolvensie. Mnr Kliënt gaan voort om te boer op die plaas.
5. 'n Paar maande later skei Mnr en Mev Kliënt.	Die plaas en belegging is beskerm teen enige eise in terme van die egskeiding.
6. 'n Paar jaar later sterf Mnr Kliënt se pa. Hy het die trust genomineer as begunstigde op 'n lewenspolis van R500 000.	Hierdie is 'n belastingvrye bemaking aan die trust wat dieselfde beskerming sal hê as die ander bates in die trust. Mnr Kliënt se boedel word nie vergroot met die bemaking nie. Mnr Kliënt se pa maak gebruik van die R3.5m korting.
7. Nog 'n paar jaar later is Kliënt Junior op pad universiteit toe. Mnr Kliënt leen R100 000 van die trust.	Die lening is 'n las in Mnr Kliënt se boedel en sy belasbare boedel word verminder met die bedrag van die lening.

<p>8. Nog later huur die trust die plaas aan Kliënt Junior. Mnr Kliënt tree af op Margate.</p>	<p>Mnr Kliënt gebruik die kapitaal- en huurinkomste uit die trust om sy aftreeinkomste aan te vul. Onttrekkings uit die polis is belastingvry. Mnr Kliënt se marginale koers is verlaag na 18%. Twee jaar later tree hy af uit sy uitreeannuïteit en betaal minder belasting.</p>
<p>9. Mnr Kliënt kom te sterwe en bemaak al sy bates aan die trust.</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Dit vereenvoudig die administrasie van die boedel.</li> <li>• Dit spaar eksekuteursgelde.</li> <li>• Beperk die belasbare bedrag van die boedel.</li> <li>• Mnr Kliënt maak gebruik van sy R3.5m korting.</li> <li>• Die trust betaal enige kontanttekort in die boedel.</li> <li>• Geen KWB op die plaas.</li> </ul>
<p>10. Kliënt Junior is die nuwe trustee van die plaas en bestuur die beleggings en die plaas.</p>	<p>Die trustbates vorm nie deel van Kliënt Junior se boedel nie – hy sal dieselfde voordele as sy pa geniet.</p>

## **15. DIE TRUST AS BOEDELBEPLANNINGSINSTRUMENT**

Die kliënt kan sy bates aan die trust skenk of verkoop.

### **15.1 Skenking van bates aan 'n trust**

Die kliënt kan sy groei-bates aan die trust skenk wat tot gevolg het dat enige verdere groei in sodanige bates in die trust plaasvind en nie in sy boedel nie. Daar is dus geen aanspreeklikheid vir boedelbelasting op die groei van die bates in sy boedel nie.

Die skenking van bates op hierdie wyse sal egter aanleiding gee tot aanspreeklikheid vir skenkingsbelasting wat neerkom op 20% van die waarde van die bates geskenk (uitgesluit die eerste R100 000 skenking per jaar).

### **15.2 Verkoop van bates aan 'n trust**

Die oprigter kan sy groei-bates aan 'n trust verkoop. Aangesien die trust egter nie die nodige kontant het om vir die bates te betaal nie, sal die koopprys onbetaald bly. Met ander woorde, daar sal 'n leningsrekening wees vir die bedrag verskuldig ten gunste van die oprigter. Hierdie lening is gewoonlik betaalbaar op aanvraag en is rentevry.

Die groei-bates moet aan die trust verkoop word teen hulle huidige markwaarde andersins kan daar aanspreeklikheid ontstaan vir skenkingsbelasting aangesien die bates vir 'n mindere bedrag verkoop is. Landbougrond het 'n groot voordeel aangesien dit teen 70% van markwaarde oorgedra kan word. Hierdie oordragmetode word meestal deur kliënte gebruik. Deur middel van die leningsrekening het die kliënt indirekte beheer oor die trust en kan hy die lening ter enige tyd oproep.

Die uitstaande leningsrekening, wat steeds 'n bate in die oprigter se boedel is, kan verder verminder word deur betaling van 'n R100 000 skenking aan die trust. Die trust aanvaar hierdie betaling en betaal die R100 000 weer aan die kliënt ter gedeeltelike terugbetaling van die leningsrekening. Op hierdie wyse word bates stelselmatig uit die boedel verwyder.


Dit is uiters belangrik dat hierdie transaksie gepaardgaan met 'n volledige verkoops- en leningsooreenkoms wat die terme en voorwaardes van die transaksie duidelik uiteensit.

Dit is egter belangrik om te onthou dat na die oprigter se dood, sy boedel 'n eis sal hê teen die trust vir 'n bedrag gelykstaande aan die leningsrekening. Om die beplanning af te rond word dit altyd voorgestel dat die kliënt die leningsrekening aan die trust bemaak. Dit is egter ons opinie dat sodanige bemaking sal aanleiding gee tot KWB. Die kapitale bedrag van die lening sal neerkom op 'n kapitale wins vir die trust en sal die trust gevolglik aanspreeklik wees vir KWB. Ons stel voor dat die leningsrekening aan die kliënt se gade bemaak word. 'n Ander opsie sou wees vir die trust om 'n polis op die lewe van die oprigter uit te neem ten einde die terugbetaling van die lening te befonds.


Wanneer bates oorgedra word in terme van 'n rentevrye lening, behoort die volgende beginsels in gedagte gehou te word:

- Dra onroerende eiendom oor alvorens dit ontwikkel word.
- Konsentreer op bates met die hoogste potensiaal vir groei.
- Indien nuwe bates aangekoop word, oorweeg dat die trust die bates direk aankoop.
- Wanneer 'n hoë-risiko besigheid bedryf word, moet dit in 'n ander trust gedoen word as die trust waar die familie se beleggings in gehou word.
- Indien die kliënt reeds op 'n hoë ouderdom is of nie gesond is nie, moet die oordrag van bates versigtig oorweeg word.
- 'n Welaf kliënt wat in die toekoms verdere erflatings gaan ontvang moet oorweeg om dit in trust te ontvang.
- Wees versigtig rondom die oordrag van waardeverminderende bates na die trust. Die waarde van die bates is vasgepen in die boedel terwyl die waarde egter in die naam van die trust afneem.

### Illustrasie van die voordele van oordrag van bates aan 'n trust:



### Posisie tien jaar nadat die oordrag plaasgevind het:



### Koste verbonde aan die oordrag van eiendom sluit die volgende in:

- Prokureur se oordragkoste (word bepaal deur die waarde van die eiendom)
- Hereregte van 8%
- BTW betaalbaar teen 14% (hierdie betaling kan deur die trust terug geëis word) of BTW gehef teen 0% (indien bate verkoop word as lopende saak).

## 16. DIE BELEGGINGSTRUST

### 'n Belegging kan op die volgende wyse gestruktureer word:

- Die kliënt en gade maak 'n jaarlikse skenking van R100 000 elk aan die trust.
- Die gades verminder hulle boedels met R100 000 per jaar.
- Die trust gebruik die fondse om beleggings te maak in sy eie naam. Indien die belegging byvoorbeeld by Investment Frontiers gedoen word, sal sodanige belegging nie in die boedel van die kliënt gereflekteer word vir doeleindes van

boedelbelasting nie aangesien daar geen lewensversekerde is wat ingesluit moet word as geagte bate nie.

- Gewoonlik is die kliënt, sy gade en hulle kinders die inkomstebegunstigdes van die trust en hulle kan daarom inkomste van die trust trek. Hulle word ook toegelaat om van die trust te leen ten einde in hulle behoeftes te voldoen. Sodoende word 'n las geskep in die boedel van sodanige persoon wat aftrekbaar sal wees vir doeleindes van boedelbelasting.
- Wanneer die trustees betalings aan die begunstigdes maak, sal sodanige betalings van 'n kapitale aard wees. Onttrekkings aan begunstigdes oorbetaal, sal steeds geag word kapitaal te wees en gevolglik belastingvry.

Indien die 'n \_\_\_\_\_ beleggingsproduk as die beleggingsopsie gekies word:

- Die rentevrye-lening wat as fasiliteit deur die bg. produk aangebied word, kan deur die trust aangewend word om toegang tot die kapitaal te verkry.
- Die trust kan die kapitaal aan die kliënt betaal as terugbetaling van die leningsrekening.
- Die leningsrekening is 'n las in die kliënt se boedel en sal die belasbare boedel verklein.
- Indien die kliënt kontant beskikbaar het in die toekoms, kan dit aangewend word om die lening van die trust terug te betaal of die geld kan aan die trust geskenk word.
- Die trust kan op sy beurt die kapitaal gebruik om die rentevrye-lening terug te betaal en in effek 'n 'swart gat' vir die trust te skep.

***Voorbeeld: Indien die kliënt en sy/haar gade R200 000 per jaar aan die trust skenk oor 'n periode van 10 jaar, groei van 10% word aangeneem, sal die trust na 10 jaar R3 187 484,92 geakkumuleer het, dws. 'n besparing van boedelbelasting in die bedrag van R637 496,98.***

## **17. BELASTINGIMPLIKASIES VAN TRUSTS**

'n Kliënt behoort die volgende belastingimplikasies te oorweeg alvorens 'n trust opgerig word:

- Trusts het onder die soeklig van die Ontvanger van Inkomste gekom en die jaarlikse begroting het verskeie veranderinge teweeggebring wat die tradisionele belastingvoordele van trusts beperk het. Toekomstige veranderinge in belastingwetgewing kan hierdie belastingvoordeel selfs verder beperk. Om 'n trust dus op te rig alleenlik vir die belastingvoordeel kan latere teleurstellings vir 'n kliënt veroorsaak.

- Trusts betaal inkomstebelasting teen 'n koers van 40%. Geen kortings word toegelaat nie en die rente-vrystelling is ook nie van toepassing op trusts nie. Die begunstigdes betaal belasting in hulle individuele kapasiteit teen laer koerse. Die negatiewe effek is egter dat sodanige inkomste deel vorm van die begunstigdes se boedels vir doeleindes van boedelbelasting.
- Trust se insluitingskoers vir KWB is 50% van die wins teenoor slegs 25% in die geval van individue. In effek betaal 'n trust dus dubbel die bedrag KWB as 'n natuurlike persoon. Laasgenoemde kan vermy word deur weer eens enige wins aan begunstigdes te betaal. Die nadeel is weer eens dat sodanige kapitaal deel vorm van die begunstigde se boedel vir doeleindes van boedelbelasting en die voordeel om 'n trust te gebruik vir beskerming van bates gaan dus verlore.
- 'n Kapitaalwinst sal ontstaan in die hande van 'n begunstigde op vestiging (oordrag van die bate aan die begunstigde) van 'n trustbate in sy naam. Die wins sal gelykstaande wees aan die bate se markwaarde op vestiging minus die basiskoste daarvan in die trust. Die effek is dus dat die wins nie die trust toeval nie, maar ingesluit word in die hande van die begunstigde.
- Die kliënt moet versigtig wees indien bates aan die trust verkoop word teen 'n kapitale verlies. Indien die trust kwalifiseer as 'n verbonde persoon (wat in meeste van trusts die geval is) in verhouding met die kliënt, as gevolg van die feit dat die begunstigdes sy gade en kinders is, is daar ander reëls van toepassing. Hierdie kapitale verlies kan slegs afgespeel word teen enige kapitale wins wat in die toekoms tussen dieselfde partye mag voorkom in die huidige of toekomstige belastingjare en nie van wins gemaak ten opsigte van die verkoop van bates aan ander partye as die trust nie.
- Die kliënt moet ook verder let op wetgewing wat handel oor anti-vermyding wat 'n negatiewe uitwerking op belastingbesparing kan hê. Hierdie is 'n algemene aspek in die geval van trusts en inkomstebelasting en soortgelyke reëls sal van toepassing wees in die geval van KWB. Hierdie reëls is byvoorbeeld van toepassing waar die kliënt skenkings of rentevrye lenings aan die trust gemaak het en inkomste of kapitaal val die kliënt se gade of minderjarige begunstigdes toe. Sodanige inkomste of wins sal geag word die kliënt toe te val en sal in sy hande belas word.

**18. KOMMENTAAR T.O.V. BESTAANDE TRUST (\_\_\_\_\_ FAMILIE TRUST.)**

**Trustees:**

Mnr. \_\_\_\_\_, sy gade en hul kinders is huidiglik die enigste trustees. In die lig van onlangse hofuitsprake kan dit probleme veroorsaak. Die Hoogste Hof van Appel het die Meester van die Hooggeregshof opdrag gegee om toe te sien dat daar 'n behoorlike skeiding plaasvind van die kontrole en beheer aan die een kant van 'n

trust en die bevoordeling aan die ander kant. Waar al die trustees begunstigdes is en hulle ook boonop verwant is aan mekaar, het die hof opdrag gegee dat daar van 'n onafhanklike buitestaander gebruik gemaak moet word as trustee. Daar moet dus 'n onafhanklike buitestaander as trustee van die trust genomineer word.

## **Begunstigdes:**

### **Kapitaalbegunstigdes**

Mnr en Mev , hul kinders, en kleinkinders.

### **Inkomstebegunstigdes**

Kan gekies word uit die geleedere van die kapitaal begunstigdes

### **Kapitaalwinsbelasting**

Die trust is opgerig voor die inwerkingtreding van KWB en maak dus nie voorsiening vir die uitkering van KWB van die trust in die hande van die begunstigdes nie. Oorweging kan daaraan gegee word om die trustakte te wysig dat daar ook hiervoor voorsiening gemaak word.

Klousule 27 verleen aan Mnr 'n TESTAMENTÊRE VOORBEHOUD om by wyse van sy testament die formule voor te skryf vir die verdeling van die bates van die trust. In die lig van onlangse hofuitsprake kan dit probleme veroorsaak. Daar moet 'n behoorlike skeiding plaasvind van die kontrole en beheer aan die een kant van 'n trust en die bevoordeling aan die ander kant. Waar 'n party die bevoegdheid het om by wyse van sy testament voor te skryf hoe die trustbates moet vestig kan dit i.t.v. artikel 3(3)(d) van die boedelbelastingwet meebring dat boedelbelasting ook op die trustbates gehef kan word.

Die trustakte bepaal voorts dat indien daar nie by wyse van 'n testament voorgeskryf word hoe trustbates verdeel moet word nie die bates **gelyk** tussen die begunstigdes gedeel moet word. Dit sal dus meebring dat die trustbates gelyk tussen u kinders verdeel moet word.

Oorweging kan daaraan gegee word om die trustakte te wysig deur te bepaal dat trustees die diskresie het om te bepaal in welke begunstigde en in welke verhouding die trustbates in die begunstigdes moet vestig.

Waar die oprigter nog leef en 'n party kan wees tot die wysiging, is dit altyd makliker om eerder van die reëls van die Kontraktereg gebruik te maak om die akte te wysig. Volgens hierdie reëls kan 'n latere ooreenkoms deur die oprigter en die trustees enige vorige ooreenkoms wysig of selfs vervang, selfs al bepaal die vorige ooreenkoms dat die betrokke ooreenkoms nie gewysig mag word nie.

## **19. HERSIENING VAN KLIËNT SE HUIDIGE TESTAMENT**

Gebrek aan 'n geldige en opgedateerde testament kan daartoe aanleiding gee:

- Dat die kliënt se boedel gedeeltelik intestaat is.
- Dat die kliënt se wense nie gereflekteer word nie.
- Dat daar addisioneel boedelbelasting, BTW, KWB, skenkingsbelasting of inkomstebelasting betaalbaar is.
- Dat die afhandeling van die boedel vertraag word.

## **20. VERERWING VAN BATES – VOORGESTELDE BEMAKINGS**

Gegewe die kliënt se wense en intensies ten opsigte van die bemaking van bates is daar huidiglik geen voorstelle rakende spesifieke bemakings nie.

## **21. AANBEVELINGS**

Die kliënt behoort die volgende te oorweeg:

- Opdatering van die testament. Die kliënt behoort die testament op te dateer en seker te maak dit weerspieël sy wense en intensies korrek. Die bemaking van leningsrekeninge aan die kinders kan moontlike KWB implikasie tot gevolg hê. Die leningsrekening behoort aan die gade bemaak te word.
- Verhoog lewensdekking ten einde kapitaal te voorsien vir die onderhoud van die langsliewende gade. Die tekort van R 4.5m behoort aangespreek te word.
- Lewensdekking om likiditeit te verseker. Die kliënt kan oorweeg om lewensdekking op sy lewe uit te neem om te verseker dat boedelbelasting, laste en ander uitgawes betaal kan word. Di kliënt behoort die tekort van R 5.8 m aan te spreek om te verhoed dat die eksekuteur bates verkoop om die bogenoemde aanspreeklikhede na te kom.
- Wysigings tot die trustakte. Die kliënt behoort die wysigings genoem in par 18 hierbo, tot die trustakte aan te bring.
- Die gebruik van die inter vivos trust. Die trust behoort aangewend te word om nuwe groei bates wat aangeskaf word te huisves. Die kliënt en sy gade kan ook gebruik maak van hul jaarlikse skenkings deur die belastingvrye skenking aan die trust te maak (tans R 100 00 elk). Die skenking kan in die trust belê word en die inkomste kan aangewend word vir die inkomste begunstigdes van die trust. Hierdie

trust kan dan verder gebruik word om bemakings te ontvang, soos eiendom en ander groei bates. Dit sal beskerming van die bates sowel as kontinuïteit verseker. Verwys ook na paragrawe 13 tot 17 vir 'n meer volledige bespreking van trusts en hul voordele.

## **22. VRYWARING**

Hierdie verslag is gebaseer op inligting verskaf en is na die beste van ons wete 'n ware en korrekte uiteensetting.

Advies rondom finansiële beplanning behoort altyd beskou te word teen die agtergrond van huidige finansiële werklikhede en moontlike toekomstige ontwikkelinge. Die advies is gebaseer op huidige wetgewing en hofuitsprake en die huidige interpretasie daarvan.

Voor die kliënt dit oorweeg om in terme van hierdie aanbevelings op te tree, behoort hy al die feite en omstandighede in ag te neem alvorens besluit word of die aanbevelings aan sy spesifieke behoeftes voldoen.

Alle inligting word as konfidensieel beskou en sal nie geopenbaar word sonder die nodige toestemming.

Bogemelde aanbevelings is onderhewig aan standaard onderskrywing vereistes en die verslag waarborg nie dat daar aan gemelde vereistes voldoen sal word nie.

**Aanhangsel A**  
**HUIDIGE TESTAMENT**

**BATES EN LASTE VAN**  
**MNR.**  
**GETROUD BUITE GEMEENSAP VAN GOED MET**  
**MEV.**  
**GEEN AANWASBEDELING NIE**

**BATES**

Perseel van plaas	R	2,100,000
Perseel van plaas	R	2,800,000
Perseel van plaas	R	2,590,000
	R	342,000
Meubels en Huishoudelike Goedere	R	100,000
Motorvoertuie, motorboot en motorfietse	R	402,076
Boerdery Implimente, toerusting en gereedskap	R	3,717,081
Kantoor-toerusting	R	11,618
Aandele: Kooperasie	R	425,518
Leningsrekening: Boerdery (Edms)Bpk	R	52,474
Leningsrekening: BK	R	420,356
Leningsrekening: Eiendom BK	R	162,830
Leningsrekening: (Edms)Bpk	R	809,185
Leningsrekening: Trust	R	132,960
Debiteure, Rente, Produkte op hande	R	872,596
Polisse op eie lewe wat by dood aan die boedel betaalbaar is	R	-
<b>Totale bates :</b>	<b>R</b>	<b>14,938,694</b>

**LASTE**

Verbande	R	1,269,937
Kredietfasiliteite (tjekrek, kredietkaart, persoonlike lenings)	R	1,396,743
Voertuig & batefinansiering balans uitstaande	R	723,574
Kapitaalwinsbelasting betaalbaar by afsterwe	R	-
Handelskrediteure en Lenings	R	2,005,264
<b>Laste :</b>	<b>R</b>	<b>5,395,518</b>

**GEAGDE BATES**

Polisse op eie lewe, wat by dood aan <b>gade</b> betaalbaar/bemaak is	R	1,000,000
Polisse op eie lewe, wat by dood aan kinders betaalbaar is.	R	2,000,000
<b>Ander</b>	R	-
<b>Totale Geagte Bates :</b>	<b>R</b>	<b>3,000,000</b>

**NOTAS:**

1. Bona fide landbougrong word getoon @ 70% VAN MARKWAARDE
2. Waarde van bates volgens Balansstaat gedateer 29 Feb 2008

**Aanhangsel B**  
**HUIDIGE TESTAMENT**

**BATES EN LASTE VAN**  
**MEV.**  
**GETROUD BUITE GEMEENSAP VAN GOED MET**  
**MNR.**  
**GEEN AANWASBEDELING NIE**

**BATES**

Primere woning in eie naam geregistreer	R	-
Ander vaste eiendom in eie naam	R	-
Meubels en Huishoudelike Goedere	R	-
Motorvoertuie in eie naam geregistreer	R	-
Genoteerde Aandele	R	-
Kontant	R	-
Polisse op eie lewe wat by dood aan die boedel betaalbaar is	R	-
2de Handse polisse	R	-
Ander	R	-
<b>Totale bates :</b>	<b>R</b>	<b>-</b>

**LASTE**

Verbande	R	-
Kredietfasiliteite (tjekrek, kredietkaart, persoonlike lenings)	R	-
Voertuig & batefinansiering balans uitstaande	R	-
Kapitaalwinsbelasting betaalbaar by afsterwe	R	-
Ander	R	-
<b>Totale Laste :</b>	<b>R</b>	<b>-</b>

**GEAGDE BATES**

Polisse op eie lewe, wat by dood aan <b>gade</b> betaalbaar/bemaak is	R	-
Polisse op eie lewe, wat by dood aan <b>ander</b> betaalbaar en nie vrygestel is nie	R	-
Ander	R	-
<b>Totale Geagte Bates :</b>	<b>R</b>	<b>-</b>

**NOTAS:**

1. Geen bates en laste verskaf vir Mev

**Aanhangsel C**  
**HUIDIGE TESTAMENT**

**BOEDELBELASTING I.T.V VOORGESTELDE TESTAMENT, INDIEN**  
**MNR.**  
**EERSTE TE STERWE KOM**

	Bates	R	14,938,694
Plus:	Geagde bates	R	3,000,000
Minus:	Laste	R	5,395,518
Minus:	Eksekuteursfooie	3.99% R	596,054
Minus:	<b>Bemakings aan gade</b>	R	2,598,789
Minus:	Polisse op eie lewe wat aan gade betaalbaar is	R	1,000,000
Minus:	Ander aftrekkings	R	100,000
Minus:	Primêre Korting	R	3,500,000
	<b>Belasbare boedel</b>	<b>R</b>	<b>4,748,333</b>
	<b>Boedelbelasting betaalbaar in eerssterwende se boedel</b>	<b>20% R</b>	<b>949,667</b>
	<b>Toedeling van Boedelbelasting:</b>		
	<b>Boedel</b>	<b>R</b>	<b>719,398</b>
	<b>Ander: Polis van R 2 000 000 betaalbaar aan kinders</b>	<b>R</b>	<b>230,269</b>

**NOTAS**

1.	Belasbare boedel voor 4A korting en voor bemakings aan gade	R	11,847,122
2.	<b>Bemakings aan erfgename anders as gade:</b>	<b>R</b>	<b>6,348,333</b>
3.	<b>Onbenutte gedeelte van die primere korting</b>	<b>R</b>	<b>-</b>

**BOEDELBELASTING I.T.V VOORGESTELDE TESTAMENT, INDIEN**  
**MEV.**  
**LAASTE TE STERWE KOM**

	Eie Bates	R	-
Plus :	Ge-erfde bates	R	1,000,000
Plus :	Vruggebruik wat staak	R	7,388,543
Minus :	Laste	R	-
Minus :	Eksekuteursfooie @3.99%	3.99% R	39,900
Minus:	Ander aftrekkings	R	-
Minus :	Primêre Korting	R	3,500,000
Minus:	Korting onbenut uit eerssterwende se boedel	R	-
	<b>Belasbare boedel</b>	<b>R</b>	<b>4,848,643</b>
	<b>Boedelbelasting betaalbaar in laassterwende se boedel</b>	<b>20% R</b>	<b>969,729</b>

**NOTAS**

**1. Berekening van Vruggebruik - Waarde van 4(q) Aftrekking**  
**Perseel 6 & 7**

Jaarlikse waarde van eiendom

R 4 900 000 x 12%

Faktor: Vruggebruik - 61 ANB van Gade

Waarde van 4(q) aftrekking

7.25457  
R 4,265,687.00

**Berekening van Vruggebruik wat eindig - Waarde in gade se boedel**

Jaarlikse waarde van eiendom

R 4 900 000 x 12%

Faktor: Vruggebruik - 32 ANB van Seun

8.20257

Waarde in gade se boedel

R 4,823,111.00

**2. Berekening van Vruggebruik - Waarde van 4(q) Aftrekking****Perseel 12**

Jaarlikse waarde van eiendom

R 2 590 000 x 12%

Faktor: Vruggebruik - 61 ANB van Gade

7.25457

Waarde van 4(q) aftrekking

R 2,254,720.00

**Berekening van Vruggebruik wat eindig - Waarde in gade se boedel**

Jaarlikse waarde van eiendom

R 2 590 000 x 12%

Faktor: Vruggebruik - 34 ANB van Dogter

8.254

Waarde in gade se boedel

R 2,565,432.00

**Bemakings aan Kinders**Seun

Perseel 6 en 7 (blote eiendomsreg)

R 634,313

Leningsrekening: (Edms)Bpk

R 809,185

Leningsrekening: BK

R 420,356

Belang in

R 330,000

Implimente

R 3,717,081

**R 5,910,935**Dogter

Perseel 12 (blote eiendomsreg)

R 24,568

Leningsrekening: BK

R 162,830

**R 187,398****Ander bemakings**

Kerk

R 100,000

R 250,000

**Aanhangsel D**  
**HUIDIGE TESTAMENT**

<b>LIKIDITEIT IN DIE BOEDEL, INDIEN MNR. EERSTE TE STERWE KOM</b>		
<b>KONTANT BENODIG IN DIE BOEDEL</b>		
Laste	R	5,395,518
Eksekuteurs Fooie	R	596,054
Boedelbelasting aan boedel toegedeel	R	719,398
	<b>Totaal Kontant Benodig :</b>	<b>R 6,710,970</b>
<b>KONTANT BESKIKBAAR IN DIE BOEDEL</b>		
Kontant in Boedel	R	872,596
Eie polisse wat aan die boedel betaalbaar is	R	-
Ander	R	-
	<b>Totale Kontant beskikbaar :</b>	<b>R 872,596</b>
<b>KONTANTOORSKOT/TEKORT</b>	<b>R</b>	<b>-5,838,374</b>
<b>NOTAS</b>		

<b>LIKIDITEIT IN DIE BOEDEL, INDIEN MEV. DAARNA TE STERWE KOM</b>		
<b>KONTANT BENODIG IN DIE BOEDEL</b>		
Laste	R	-
Eksekuteurs Fooie	R	39,900
Boedelbelasting	R	969,729
<b>Kontant Bemakings</b>	R	-
Ander	R	-
	<b>Totaal Kontant Benodig :</b>	<b>R 1,009,629</b>
<b>KONTANT BESKIKBAAR IN DIE BOEDEL</b>		
Kontant in Boedel	R	-
Polisse wat by dood van eerssterwende aan gade betaal is	R	1,000,000
Eie polisse wat aan die boedel betaalbaar is	R	-
Kontantoorskot in gade se boedel	R	-
	<b>Totale Kontant beskikbaar :</b>	<b>R 1,000,000</b>
<b>KONTANTOORSKOT/TEKORT</b>	<b>R</b>	<b>-9,629</b>
<b>NOTAS</b>		

**Aanhangsel G  
HUIDIGE TESTAMENT**

**KAPITAAL BENODIG BY DOOD INDIEN  
MNR.  
DIE EERSSTERWENDE IS**

<b>Maandeliks inkomste benodig deur afhanklikes</b>	R	<b>30,000</b>
minus: Langslewende se eie inkomste	R	-
minus: Huurinkomste	R	-
minus: Dividende	R	-
minus: maandelikse Pensioen	R	-
minus: Ander inkomste (spesifiseer)	R	-
<b>MAANDELIKSE INKOMSTE TEKORT</b>	R	<b>30,000</b>
<b>JAARLIKSE INKOMSTE TEKORT</b>	R	<b>360,000</b>
<b>BEREKENING VAN KAPITAAL BENODIG OM TEKORT AAN TE VUL</b>		
Beleggingsopbrengs koers		10%
Inflasie/Eskalاسie koers		8%
Resultantekoers		1.85%
Lewensverwagting van gade		18
Kapitaal Verbruik		Verbruik
<b>KAPITAAL BENODIG OM TEKORT AAN TE VUL</b>	R	<b>5,569,359</b>
<b>PLUS ANDER KAPITALE BEHOEFTES</b>		
Aankoop van woonhuis	R	-
Ander kapitale behoeftes (indien enige)	R	-
Ander kapitale behoeftes (indien enige)	R	-
<b>BRUTO KAPITAAL BENODIG</b>	R	<b>5,569,359</b>
<b>KAPITAAL BESKIKBAAR</b>	R	<b>1,000,000</b>
Kontatoorskot gade boedel	R	-
Uittredingsannuiteite en Pensioen aan gade	R	-
Polisse direk aan gade begunstig	R	1,000,000
Bates te gelde gemaak	R	-
Ander	R	-
Gevestigde regte kontantbemaakings aan trust	R	-
<b>INKOMSTE WAT BESKIKBARE KAPITAAL KAN VERSKAF</b>	R	
<b>NETTO ADDISIONELE KAPITAAL BENODIG</b>	R	<b>4,569,359</b>